Wat is MBT

MBT beteken MIV-berading en -toetsing.

Waarom is dit belangrik dat ek myself laat toets?

Dis belangrik om uself te laat toets sodat u verantwoordelikheid kan aanvaar vir u eie lewe. As u negatief toets, sorg dat u status negatief bly. As u positief toets, tree op sodat u die ontwikkeling van die siekte kan vertraag deur ‘n positiewe lewenswyse, gesonde eetgewoontes, gereelde oefening, ens.

Waar kry ek toegang tot MBT?

Alle openbare gesondheidsfasiliteite lewer hierdie diens. Hoogs opgeleide beraders verskaf berading voor toetsing, gevolg deur toetsing en berading na die toetsing.

Wat is vir my beskikbaar indien ek positief toets?

As u positief getoets het, is daar geakkrediteerde ARM-plekke waar pasiënte verder hanteer word om te bepaal of hulle kwalifiseer om tot die ARM-program toe te tree.

Indien u nie kwalifiseer om by die ARM-plek ingeskryf te word nie, sal u voortdurend gemonitor word en emosionele ondersteuning kry totdat u gereed is om die program te deurloop.

Die klinieksuster sal u adviseer oor die naaste ARM-plekke wat u kan besoek.